

Donderdag 27 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 34:1-33

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 34:2, 21

Die HERE is genadig teenoor 'n berouvolle sondaar!

Josia is óók 'n egte Gereformeerde. Hy ervaar en bely dat alles maar net genade is (*sola gratia*) – God se uitverkiesende genade!

Op agtjarige ouderdom word hy koning. Wie sal sy rolmodel wees? Oupagrootjie Hiskia wat “gedoen het wat goed was en reg en trou was voor die aangesig van die HERE sy God” (31:20)? Ja! Of was dit sy oupa Manasse wat aanvanklik goddeloos was, maar later deur die HERE tot bekering gebring is (33:12, 13)? Ja! Of was dit sy pa Amon wat “gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE” (33:22)? Nee! ... Pa, ma, oupa, ouma: Sien jy dat jy 'n groot rol in jou kind of kleinkind se lewe speel? Dis 'n groot verantwoordelikheid, nè!

Uiteindelik lees ons tot tweemaal toe dat hierdie jong koning egter kies om volkome te wandel in die weë van sy vader Dawid (34:2, 3). Dawid, die eerste godvresende koning. Die man na God se hart. Die koning wat die HERE in alles gesoek het en sy sterkte in die HERE gevind het. Dawid wat sy sonde bely het, wetende in die geloof dat God in genade die berouvolle sondaar se sonde bedek (Ps. 32). Dawid met wie die HERE 'n ewige verbond gesluit het dat uit sy lendene 'n ewige Koning gebore sou word wat die gelowige van alle sonde sal verlos. Dawid wat in Psalm 135:18 bely: “Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep *in waarheid*.”

Op 16-jarige ouderdom begin Josia die HERE daadwerklik te soek in alles. Op 20 breek hy alle heilige plekke van die afgode in Juda én Israel af. Op 26 herstel hy die huis van die HERE en ook die tempeldiens. In hierdie herstelproses word die wetboek van die HERE, wat deur Moses gegee is, in die verwaarloosde tempel herontdek.

Hierdie ontdekking het verskillende optredes by Josia teweeggebring: groot vreugde en dankbaarheid (34:15), maar ook groot berou en ootmoed en tranes. Dis 'n sonde-erkenning. Josia gaan die volk voor in die lees van die Woord. Hy lei die volk om die HERE te vrees en diensbaar te wees in sý koninkryk. Hy word hulle rolmodel.

Die HERE antwoord: deur sy genade aan 'n berouvolle sondaar te betoon, in die plek van verdiende onheil, gee die HERE sý vrede. Vir die berouvolle Christen gee God volkome vrede in Christus se soenverdienste aan die kruis! Alles genade! Christus alleen! Alleen deur die geloof! Wéés so 'n rolmodel!

Sing: Psalm 145-1:11, 12

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)